Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee
Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saaknommer: 1176/2008
Datum Verhoor: 2008-10-24
Datum Gelewer: 2008-10-31

In die saak van:

**SAAMWERK SOUTWERKE (EDMS) BPK** **APPLIKANT**

***versus***

**SANS CUICI AGRI (EDMS) BPK** **RESPONDENT**

*Coram:* MAJIEDT R

# UITSPRAAK IN DIE AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELLEER

MAJIEDT R:

1. Die Applikant doen aansoek om verlof om te appelleer teen my uitspraak en bevele van 19 September 2008 waarvolgens ek, by ‘n heroorweging ingevolge reël 6(12)(c) van ‘n bevel *nisi* verleen op ‘n dringende, *ex parte*-basis in kamers deur Moloi WnR, sodanige bevel tersyde gestel het en ‘n bestraffende kostebevel op ‘n prokureur-kliënt skaal teen die Applikant gemaak het.

2. ‘n Redelike vooruitsig op sukses op appél is, soos nou reeds welbekend, ‘n voorvereiste vir verlof om te appelleer.

   *Sien:* **Westinghouse Brake and Equipment v Bilger Engineering 1986(2) SA 555 (A)** te 560 H-I.

   Soos Harms AR tereg, met respek, aantoon in **Mogale and others v Seima 2008(5) SA 637 (SCA)** te par [2] (638 I-J), moet ‘n appél gemik wees teen ‘n uitspraak en ‘n bevel en nie teen sydelingse aspekte wat gedurende betoë te berde gebring is nie.

3. ‘n Hele aantal gronde van appél is voorgehou deur die Applikant in sy kennisgewing, welke nader toegelig is deur die Applikant se

advokaat, Mnr. Tredoux, in sy skriftelike en mondelinge betoë. ‘n Beduidende aantal van die gronde gaan juis mank aan die gebrek waarteen Harms AR waarsku in **Mogale and Others v Seima, *supra***. ‘n Kompliserende faktor is dat Mnr. Tredoux nie in die hoofaansoek self verskyn het nie. As voorbeeld kan verwys word na die appélgrond dat ek glad nie die repliserende eedsverklarings, wat ongeveer ‘n uur voor die aanvang van die verhoor tot my beskikking gekom het, deurgelees het nie en nie daarop ag geslaan het nie. Hierdie inligting het Mnr. Tredoux klaarblyklik vanaf Mnr. Smit, wat toe vir die Applikant verskyn het, bekom. Hierdie inligting is onjuis, aangesien ek vir Mnr. Smit tydens die verhoor pertinent meegedeel het dat ek die repliserende eedsverklarings deurgelees het, alhoewel nie só volledig as wat ek graag sou wou doen nie.

4. ‘n Hele aantal van die appélgronde en submissies handel met sydelings relevante aspekte. Die *ratio decidendi* van die uitspraak is dat die *ex parte* bevel *nisi* op heroorweging tersyde gestel moes word, omrede die Applikant versuim het om wesenlik

relevante aspekte te openbaar in sy *ex parte* aansoek. Tot dié beslissing is daar gekom vanweë twee hoofoorweginge, naamlik:

4.1 Applikant se versweë werklike motivering met die *ex parte* aansoek, naamlik om die opgehoopte southope te verwyder vanaf Respondent se grond (onregmatiglik só volgens my bevinding); en

4.2 die feit dat Applikant nie as 'n regsentiteit bestaan het toe sy aansoek vir 'n mynreg ingedien is nie, m.a.w. die aansoek is nie ingedien deur 'n "*persoon*" soos bedoel in art 22(1) van die Mineral and Petroleum Resources Development Act, 29 van 2002, ("*die Wet*") nie.

In hierdie uitspraak handel ek grootliks slegs met hierdie kernbevindings.

5. Die aansoek is op uiters dringende basis en *ex parte* in kamers voor Moloi WnR gebring. Dis geykte reg dat absolute goeder trou vereis word by *ex parte* aansoeke. In hierdie geval het die

Applikant heeltemal tekort geskiet vir die redes vervat in para. 16 van my uitspraak in die hoofaansoek.

6. Mnr. Tredoux het aangevoer dat daar nie bewys is dat opgehoopte sout wel verwyder is op onregmatige wyse nie. Hierdie submissie verloor buite die oog dat die benadering soos uiteengesit in **Plascon Evans Paints (Pty) Ltd v Van Riebeeck Paints (Pty) Ltd 1984(3) SA 620 (A)** te 634 G – 635 C hier toegepas is. Op die Respondent se stukke is sodanige verwydering wel bewys, na my mening. Wat onregmatigheid aanbetref kan die Applikant se gepoogde steun op sy tans verleende mynreg as magtiging vir sodanige verwydering, tog nooit opgaan nie. Ek is die mening toegedaan dat daar geen redelike vooruitsig bestaan dat 'n ander Hof anders mag bevind nie.

7. Op die Applikant se eie weergawe en tot sy vooraf kennis het die Applikant maatskappy nog nie bestaan op **16 Mei 2005** toe in sy naam aansoek gedoen is vir 'n mynreg nie, want Applikant is

eers op **1 Julie 2005** geregistreer as 'n maatskappy. My inagneming van Du Toit se vooraf kennis hieraangaande soos blyk uit 'n eedsverklaring *jurat* 10 Oktober 2007 in saaknr 540/2007 was gebaseer op die gesag in **Boyce NO v Bloem and Others 1960(3) SA 855 (T)** te 863 C-d. Ek verskil met Mnr. Tredoux dat 'n ander Hof mag bevind dat ek verkeerd was met hierdie benadering en dat die voormelde gewysde nie as gesag dien vir só 'n benadering nie.

8. Daar is na my mening dus geen redelike vooruitsigte van sukses in die voorgenome appél nie. Ek ag dit nodig om vlugtig met twee ander submissies wat gaan oor prosedurele aangeleenthede, te handel.

8.1 Mnr. Tredoux het aangevoer dat Moloi WnR alreeds op 21 Augustus 2008 (d.w.s. die volgende dag), sy oorspronklike *ex parte* bevel ooreenkomstig reël 6(12)(c) in heroorweging geneem het. Volgens sy submissie kon daar toe nie wéér op 5 September 2008, 'n verdere heroorweging van die

bevel plaasvind nie. Hierdie is 'n wanopvatting. Al wat Moloi WnR gedoen het op 21 Augustus 2008, was om die verdere proses ingevolge reël 6(12)(c) te reguleer deur die aansoek vir heroorweging uit te stel na 5 September 2008, te reël vir die liassering van verdere stukke en dat die Applikant in die interim verbied word om sout te verwyder. Daar was inderwaarheid geen heroorweging soos bedoel in reël 6(12)(c) nie.

8.2 Mnr. Tredoux het verder aan die hand gedoen dat ek gefouteer het deur nie die Respondent se voorwaardelike teenaansoek af te wys met koste nie. Hierdie is eweneens 'n wanopvatting. Die Respondent het sy teenaansoek gebring op voorwaarde dat die Hof die benadering volg waarkragtens geen verdere eedsverklarings geliasseer mag word nie en dat die oorspronklike aansoek op sy eie, sonder enigiets verder, oorweeg moet word. Ek het egter die teenoorgestelde benadering nagevolg en het verdere eedsverklarings toegelaat. **Die voorwaarde vir die**

**teenaansoek het dus weggeval en is daar nie voortgegaan met die teenaansoek nie.**

9. Opsommenderwys dus – selfs al is daar ‘n moontlikheid dat die Applikant kan slaag met sy submissies op sommige van die aantal sydelingse aspekte, sou dit bloot akademies van aard wees. Wat die kernbevindinge aanbetref meen ek dat daar geen redelike vooruitsigte op sukses in die voorgenome appél bestaan nie, vir die redes hierbo uiteengesit.

10. **BEVEL**

**Die aansoek vir verlof om te appelleer word afgewys met koste.**

________________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPLIKANT | : | ADV JC TREDOUX |
| IN OPDRAG VAN | : | VAN DE WALL EN VENNOTE |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV MH WESSELS SC |
| IN OPDRAG VAN | : | DUNCAN & ROTHMAN |